

BOOTMAN TROTSEER TSOENAMI

Japansending - Neil en Dawid Verwey

Toe die tsoenami die eiland Oshima met alle mag tref, het 'n Japannese skeepskaptein die storm getrotseer deur direk in die tsoenami in te vaar.

Elke boot in die hawe is verwoes, behalwe die een boot. In die aantog van die tsoenami het almal op die eiland, behalwe Susumu Sugawara, skuiling gaan soek in die heuwels. Hy haas hom na sy geliefde boot die Himawari (Sonneblom) en die vaar die diep waters in na die aankomende tsoenami.

“Ek het geweet as ek nie my boot red nie, sou die eiland afgesny en in die moeilikheid wees,” vertel hy aan CNN.

Soos hy verby die kleiner bootjies wat vir plaaslike visvang gebruik word vaar, neem hy vinnig afskeid van die vissers en vra verskoning dat hy nie kon terugdraai om hulle te red nie.

Sugawara sê hy is gewoon daaraan om golwe van tot 5 meter hoog te sien, maar die eerste tsoenamigolf wat hy teëkom, was vier keer so groot.

“My gevoelens was onbeskryflik,” sê hy toe hy op daardie oomblik met sy boot gesels: “Jy is al 42 jaar saam met my,

en of ons lewe of vergaan, ons is steeds bymekaar!” Toe skiet hy vorentoe in volle vaart.

“Ek het die golf soos 'n berg geklim. Toe ek dink ek is op die kruin, word die golf net groter.” Hy sê hy was nie bang toe golf op golf met alle mag op die boot breek nie. Hy konsentreer net daarop om sy boot te stuur, en die Sonneblom slaag daarin om regop te bly. Ek het my oë gesluit en lighoofdig gevoel. Toe ek hulle oopmaak, sien ek weer die horison. Toe weet ek, ek het dit oorleef.”

Skielik was die see spieëlglad en Sugawara weet hy het die tsoenami oorwin. Hy glo sterk dat sy eiland vernietig is deur die magtige tsoenami. Hy weet nie eens of sy familie oorleef het nie. Hy huil nie, maar is kwaad en voel heeltemal hulpeloos.

Hy pomp water uit die boot se oorstroomde enjinkamer en dit was al donker voor hy kon terugdraai na Oshima – nie seker van wat om te verwag nie – indien enigiets.

Hy vaar versigtig tussen die wrakstukke van huise en bote deur. Die eiland Oshima was in totale donkerte gehul en die enigste manier waarop hy die hawe kon vind was in die lig van die verskriklike brande wat in die naburige dorpe gewoed het.

Sonder die 64-jarige Sugawara en die Sonneblom sou die eiland heeltemal afgesny van die vasteland wees. Vir ten minste twee weke was hy feitlik die enigste verbinding met die vasteland. Op die kop van die uur elke dag vaar hy sonder om passasiers enigiets te vra want hulle het niks om hom te gee nie. Vir die wat kon betaal het hy donasies vir brandstof gevra.

Suwagwara het sy lewe gewaag vir sy boot en sy eiland -- een van die min wat dit reggekry het om 'n tsoenami trotseer en die verhaal te kan vertel. Ander het gesterf en dit nie gemaak nie.

*Hy het die stormwind stilgemaak,
en die golwe van die see het bedaar.
Die seevaarders het hulle verheug oor die kalmte.
God het hulle veilig gelei
na die hawe waar hulle wou kom*
(Ps 107:29-30, NV).

In al sy goedertierenheid is God lief vir sy skepsels. Keer op keer red Hy hulle van vernietiging. Ons liefdevolle God van die hele skepping wil die mens red van die oorweldigende tsoenami van sonde.

*Elkeen wat die Naam van die Here
aanroep, sal gered word*
(Joël 2:32. NV).

Mag ons na God roep ook in die dinge wat werklik saak maak vir die ewigheid!

Neil en Dawid Verwey
(Vertaal deur SOD)

JAPANSENDING

7-40 Monzen Cho, Ikoma, Nara, Japan 630-0266

Tel: (81)743-73-1754 Faks: (81)743-73-1681

E-pos: jm@japanmission.org

Webwerf: <http://www.japanmission.org/>